# Les 8 ONS BEHOORT AAN DIE HERE: HY HET ONS VOLGENS SY PLAN GEMAAK

## 1. ’n Skepper maak iets nuuts uit materiaal

Wat dink julle beteken die woord: “Skepper”? Wanneer is iemand ’n skepper en wat doen ’n skepper?

- As jou ma materiaal vat en sy maak ’n rok of ander mooi klere, wat doen sy? Sy maak mooi klere uit materiaal!
- As jou ma meel en water en suiker en eiers en melk vat en dit meng, wat doen sy? Sy maak ’n koek uit al hierdie bestanddele!
- As jou ma wol vat en brei, wat doen sy? Sy maak ’n trui!
- As jou pa sement en stene en hout en sinkplate vat en bou, wat doen hy? Hy maak ’n huis of ’n stoor of ’n motorhuis!

Dit is hoe mense skep. Hulle maak iets uit dinge soos materiaal of bestanddele, wat nog nooit voorheen daar was nie. Voorheen was dit maar net materiaal of bestanddele, maar as hulle klaar gemaak het – dan is daar iets nuuts: rokke, koeke en huise.

- “Skep” beteken om iets te maak wat nog nie voorheen daar was nie.
- Die persoon wat dinge maak wat nuut is, is ’n skepper.

## 2. Die Here is ons Skepper

Kom ons lees ’n paar versgedeeltes saam uit Genesis 1 en 2:

Genesis 1*: [26] Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld,.....[27] God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep…”*

Hier staan dat God besluit het om mense te skep. Hy het besluit om mense te maak. Voor God hierdie besluit geneem het, was daar nie iets soos mense op die aarde nie. Daar was nie sommer van die begin van die aarde af, mense nie. God het eers besluit Hy gaan mense maak.

Dit is ’n groot ontdekking om te maak: Ons is gemaak. Ons is geskep. Ons het ’n Maker, ’n Skepper wat besluit het Hy gaan ons maak en toe doen Hy dit.

Die Here is nie maar sommer net ’n persoon wat sterk en belangrik is nie – Hy is ons Maker. Hy is ons Skepper. Hy het besluit om ons te maak!

## 3. Die Here het ons gemaak uit die stof van die aarde

Pa gebruik sement en stene as hy huise bou. Ma gebruik materiaal om rokke mee te maak, wol om truie van te brei en eiers, meel, water, suiker en melk om koek mee te maak.

Wat dink julle het die Here gebruik om ons van te maak?

Kom ons lees die Bybel en kyk waaruit het die Here ons gemaak!

Genesis 2: "[7] *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het."*

Uit die stof van die aarde!
Elke deel van ons liggame het die Here uit die stof van die aarde gemaak.

Klink dit snaaks? Die Here het ons uit die stof van die aarde gemaak?

Dit klink snaaks, want ons dink nooit so as ons na mense kyk nie. As ŉ mens na ŉ koek kyk wat ma gemaak het, dink ŉ mens: "Hier is eiers, melk, suiker, water en meel"? Of dink ŉ mens: "Hier is ŉ koek"? ŉ Koek is nie sommer net meer eiers, meel, melk en water nie. As dit gebruik word om ŉ koek te maak, is ŉ koek heeltemal iets nuuts. Dis heeltemal iets anders – al is dit uit eiers, meel en water gemaak. Dit is ŉ nuwe skepping. Daarom vergeet ons partykeer waaruit dit gemaak is.

Net so is dit met ons. Die Here het ons gemaak uit die bestanddele van die aarde: water, koolstof en minerale.

- Julle ken water. Die grootse deel van ons liggame het die Here uit water gemaak. Dit is hoekom ons so baie, en elke dag, moet water drink. Die Here het ons uit water gemaak.
- Minerale is dit wat ons nou baie in die apteke sien – pille wat minerale bevat soos yster, magnesium, kalsium en pot-as. Dit is alles dinge wat in die grond is. Daarom sê die Bybel ons is uit die grond gemaak – want die Here het al hierdie bestanddele van grond gebruik om ons te maak.
- En koolstof – wat is koolstof? Dit is die gewone kole wat ons ken en waarmee ons vuur maak in die winter. Kan julle dink? Die belangrikste deel van ons liggame is – koolstof!

Water, koolstof en grond! Dit is die belangrikste bestanddele wat die Here gevat het, en toe uit hierdie bestanddele, het Hy vir ons gemaak.

**4. Die Here het ons volgens ŉ spesiale plan gemaak**

Maar ons is nie sommer ŉ klomp water en grond en koolstof nie. Ons is ŉ nuwe skepping, gemaak uit water, koolstof en grond.

As ʼn mens sommer net water, sout, meel, melk en suiker bymekaar gooi – is dit ʼn koek? Dit is nie sommer net ʼn koek as jy al die goed bymekaar gooi nie. Wat is die belangrikste ding as jy uit al hierdie goed ʼn koek wil maak?

Dit is die resep!

Die resep sê hoe mens alles op ʼn baie spesiale manier aanmekaar moet sit en eers as dit volgens die resep bymekaar gesit word – kan jy volgens die resep, ʼn koek maak.

As ʼn mens sommer ʼn klomp sement, stene, klippe, hout en sink op ʼn hoop gooi – is dit ʼn huis? Nee, die belangrikste deel is die huisplan. As jou pa al hierdie materiaal volgens die bouplan aanmekaarsit – eers dan kan hy ʼn huis maak uit al die materiaal.

As ʼn mens ʼn klomp wol op ʼn hoop gooi, is dit ʼn trui? Nee, jou ma het ʼn breipatroon en sy sit die wol volgens hierdie breipatroon aanmekaar, en eers dan kan sy van die wol ʼn trui maak.

Wie maak die huisplan of die resep of die patroon?

Dit is nie iets binne-in die wol of stene of koek nie – dit is iets binne-in jou pa en ma. Dit is binne hulle gees en gedagtes. Hulle dink dit uit - en maak alles volgens die plan wat hulle uitgedink het.

Kom ons kyk weer na Genesis 1 vers 26: *"Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld,..."* Die Here het ons volgens Sy beeld gemaak – dit beteken die Here het ʼn bouplan of ʼn resep of ʼn patroon gehad hoe om ons te maak uit koolstof en water en grond!

Dit is die wonderlike krag en mag van die Here! Hy het ʼn bouplan en die krag om uit water, grond en koolstof – mense te maak. Dit is ʼn nuwe en wonderlike skepping van die Here volgens Sy bouplan, Sy resep en patroon.

**5. <u>Die Here het ons ʼn gees gegee</u>**

Maar ons is nie maar net koolstof en water en grond nie. Die Here het ons baie anders as diere en plante gemaak.

Kom ons lees weer Genesis 2 vers 7: *"[7] Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens ʼn lewende wese geword het."*

Die Here het met Sy krag en mag as Skepper ons ook ʼn gees gegee – dit is wat die Bybel noem: die Here het Sy lewensasem in ons ingeblaas. Dit is ʼn manier

om te sê die Here het ons meer gemaak as sommer net koolstof en water en grond.

Hy het ons so gemaak dat ons Hom kan ken en dien.

Dit is baie anders as diere en plante.

Diere kan nie hulle Skepper ken nie, en ook nie tot hulle Skepper bid nie. Plante ook nie. Die Here kan nie diere gebruik om stede te bou, boorde te plant en karre te maak nie. Plante ook nie. Maar die Here het mense so gemaak dat Hy hulle kan gebruik om al hierdie dinge te doen.

Die Here het julle so gemaak dat julle Hom kan ken en weet: die Here het my gemaak. Ek behoort aan Hom. Ek moet Hom dien. Dit kan ons doen deur die gees wat die Here vir ons gegee het.

**6. Die Here het ons gemaak – ons behoort aan Hom alleen**

Wie het ons gemaak? Net God alleen. Niemand anders nie.

Waaruit het Hy ons gemaak? Uit alles wat Hyself gemaak het. Die Here het water en grond en koolstof self gemaak – Hy het dit nie by iemand anders gaan koop of geleen nie.

Volgens wie se plan het die Here ons gemaak? Volgens Sy eie plan. Dit was niemand anders s'n nie. Niemand anders het vir Hom die idee gegee nie.

**Wat beteken dit?**

As jou pa 'n huis met sy eie stene en sement gebou het – wie se huis is dit? Dit is net syne alleen. Dit behoort net aan hom.

Ons behoort net aan die Here – net Hy het ons volgens Sy eie plan en met Sy eie materiaal gemaak. Ons behoort nooit aan iemand anders nie.

Ons is ons ouers se kinders, maar ons behoort nie aan hulle nie, want hulle het ons nie volgens hulle plan en met hulle materiaal aanmekaar gesit nie. Ons is ons onderwysers se leerlinge – maar ons behoort nooit aan hulle nie. Hulle maak ons nie, hulle help ons net. Ons behoort nooit aan die regering nie. Hulle moet ons net help.

| **Ons behoort net aan die Here. Net Hy is ons Skepper**! |
|---|

**6. Werksopdrag**

Gaan vra vir Pa of Ma, of jou oupa of ouma – hierdie raaisel: “ Waarvan het die Here ons gemaak?” Kyk of hulle weet die Here het ons uit grond en water en koolstof gemaak. As hulle niks verstaan nie of stry of wonder – dan kan julle vir hulle sê: “Wat ons so wonderlik maak is die Here se resep en bouplan waarmee Hy ons aanmekaar gesit het.”

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

______________________________

Handtekening: ouer of voog